Aankondiging van tussentydse resultate

vir die ses maande tot 30 September 2025

Naspers Beperk
Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika
(Registrasienommer: 1925/001431/06)
(Naspers of die groep of die maatskappy)
JSE-aandelekode: NPN ISIN: ZAE000325783

Deur KI-eerste-tegnologie verbeter ons die alledaagse lewe vir miljarde mense

Hooftrekke

Voortgesette bedrywighede

Omset
↑ **VS$4 117m**
(HJ25: VS$3 443m)

Bedryfswins
↑ **VS$178m**
(HJ25: VS$107m)

Verdienste per N gewone aandeel*
↑ **301 VS-sent**
(HJ25: 225 VS-sent)

Aangepaste E-handelsverdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (aEBITDA)
↑ **VS$557m**
(HJ25: VS$326m)

Groep aEBITDA
↑ **VS$433m**
(HJ25: VS$221m)

Groep aangepaste verdienste voor rente en belasting (aEBIT)
↑ **VS$223m**
(HJ25: VS$35m)

Vrye kontantvloei
↑ **VS$1 275m**
(HJ25: VS$854m)

Kernwesensverdienste per N gewone aandeel*
↑ **215 VS-sent**
(HJ25: 173 VS-sent)

Kernwesensverdienste vir die tydperk
↑ **VS$1 710m**
(HJ25: VS$1 508m)

Totale bedrywighede





** In Oktober 2025 het die groep 'n aandeelverdeling van vyf vir een (5:1) voltooi. Dit het 'n impak op die verdienste per aandeel gehad. Die groep het die huidige en vergelykende syfers soos op 30 September 2025 vir die impak van die aandeelverdeling aangepas.*

Ons is in die beginfase om Prosus in 'n wêreldwye tegnologieleier te omskep. Ons sal die doel bereik deur onwrikbaar daarop te fokus om resultate te lewer. Naspers het gedurende die eerste ses maande tot 30 September 2025 sterk resultate behaal.

Fabricio Bloisi
Uitvoerende hoof

Kommentaar[1]

Ons doelwit is om op **'n streekgrondslag groot leefstyl-gerigte e-handelsekosisteme** regoor **Latyns-Amerika, Europa en Indië** te skep, **deur 'n KI-eerste-benadering te volg** om aan klante voortreflike ervarings te gee.

Hier is 'n opsomming van ons vernaamste finansiële hoogtepunte:

- Gekonsolideerde omset het met 20% (14%) gegroei tot VS$4.1mjd, danksy sterk groei van iFood in Latyns-Amerika, OLX in Europa en PayU in Indië.
- Ons winsprestasie het selfs nog verder versnel, e-handel-aEBITDA[2] het met 71% (57%) gestyg tot VS$557m en aEBIT[3] het met meer as 100% (93%) toegeneem tot VS$396m.
- Die beduidende bedryfsverbeterings in ons hele e-handelsportefeulje het gesorg vir 'n styging van 96% (78%) in die groep se gekonsolideerde aEBITDA, wat van VS$221m tot VS$433m toegeneem het (gekonsolideerde aEBIT het van VS$35m tot VS$223m verbeter).
- Kernwesensverdienste (ons maatstaf van nabelaste bedryfsprestasie) het met 13% (18%) gestyg tot VS$1.7mjd, gedryf deur sterk groei in omset en winsgewendheid van ons gekonsolideerde e-handelsondernemings en ekwiteitsverantwoorde beleggings, veral Tencent. Kernwesensverdienste per aandeel het met 24% gestyg danksy die baie positiewe impak van die aandeelterugkoopprogram. Die direksie beskou kernwesensverdienste as 'n goeie aanwyser van die groep se bedryfsprestasie, aangesien dit nie-bedryfsitems in ag neem.
- Verdienste uit voortgesette bedrywighede het met 22% tot VS$2.4mjd toegeneem, vanaf VS$2.0mjd in die vorige tydperk.
- Naspers se vrye kontantvloei het ook beduidend verbeter en van VS$854m tot VS$1.3mjd gegroei. Met uitsluiting van die Tencent-dividend het vrye kontantvloei VS$38m bedra, vergeleke met 'n uitvloei van VS$147m in 1H25.



Naspers het gedurende die tydperk sy finansiële en bedryfsdoelwitte behaal en terselfdertyd ons kultuur, Die Prosus-manier, aanvaar. Dit het nie net ons fokus op resultate versterk nie, maar ook op dissipline, innovasie en ons mense. Ons glo dat ons nie net korttermynresultate lewer nie, maar die grondslag lê vir volgehoue groei op die lang termyn.

Ons doelwit is om beduidende waarde te ontsluit deur op 'n streekgrondslag groot leefstyl-gerigte e-handelsekosisteme regoor Latyns-Amerika, Europa en Indië te skep, deur 'n KI-eerste-benadering te volg om aan klante voortreflike ervarings te gee. Ons ekosisteem-model bedien nou ongeveer 2 miljard verbruikers regoor die wêreld en strek oor bykans 100 maatskappye met aanvullende vermoëns.

Ons sien 'n beduidende geleentheid vir verdere sterk groei terwyl winsmarges uitgebrei word. Tydens ons kapitaalmarkdag op 25 Junie 2025, wat goed ontvang is, het ons 'n ambisieuse driejaarplan aangekondig om ons E-handel omset minstens te verdubbel en E-handel aEBITDA te verdriedubbel op 'n Prosus-vlak.

Te midde van ons fokus op die uitvoering van ons strategie en verbetering van resultate oor die tydperk, het ons steeds ons beleggingsportefeulje aktief bestuur en met 'n gedissiplineerde benadering kapitaal ontplooi. In die eerste ses maande van die jaar het ons by wyse van samesmeltings en verkrygings VS$2.0mjd belê om groei en winsgewendheid van streek-ekosisteme 'n hupstoot te gee. Dit sluit die verkryging van Despegar in Mei 2025 in. In September 2025 het Prosus, via OLX, ooreengekom om La Centrale – Frankryk se topplatform vir geklassifiseerde motoradvertensies – teen €1.1mjd (VS$1.3mjd) te bekom. Hierdie verkryging wat in November afgehandel is sal OLX se Europese portefeulje versterk en groter momentum gee aan Prosus se strewe om Europa se voorste e-handelsekosisteem te wees. In Oktober het ons die transaksie gesluit om Just Eat Takeaway.com teen sowat €4.2mjd (VS$4.9mjd) te verkry. Dit sluit addisionele skikkingsreëlings ooreenkomstig die sluitingsvoorwaardes in. Die verkryging bring ons nader aan ons ideaal om 'n Europese leefstyl-ekosisteem te bou en 'n KI-tegnologieleier in Europa te word.

Ons benader steeds die bestuur van ons portefeulje met dissipline deur van nie-strategiese besighede ontslae te raak en daardie kapitaal aan ons ekosisteem-strategie toe te wys. Ons het gedurende die tydperk ons belang in Udemy, ander kleiner beleggings asook 'n deel van ons belang in Remitly van die hand gesit. Ons het ook gedurende die tydperk ons posisie in Meituan met VS$249m verminder, en in Oktober met nog VS$300m. Die totale opbrengs op ons beleggingsverkope vir die ses maande tot September, en daarna tot en met November, het VS$1.2mjd bedra vir die groep. Ons verwag om in FJ26 ongeveer VS$2mjd uit disinvesterings te realiseer.

Die groep het 'n sterk balansstaat van VS$20.4mjd (VS$18.4mjd op 'n sentrale korporatiewe vlak) kontant voorhande, wat korttermynbeleggings insluit, en netto kontant van VS$2.7mjd (VS$1.9mjd op 'n sentrale korporatiewe vlak), wat rentedraende lenings en gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge insluit.
Die groep het VS$1.3mjd vir La Centrale bewillig en €5.0mjd (VS$5.8mjd) vir die verkryging van Just Eat Takeaway.com betaal, wat die vereffening van sy omskepbare effekte teen €788m (VS$925m) insluit. Die resultaat is ongeveer VS$13.3mjd (VS$11.3mjd op 'n sentrale korporatiewe vlak) kontant voorhande. Ons is steeds verbind tot ons beleggingsgraadgradering

Sedert die aanvang van ons aandeelterugkoopprogram in Junie 2022, het dit Prosus se getal vrylik verhandelde aandele met 30% verminder en waarde van meer as VS$41mjd aan Prosus- en Naspers-aandeelhouers teruggegee. Gedurende hierdie tyd het die gekombineerde beheermaatskappy-diskonto van Naspers en Prosus met 25 persentasiepunte gedaal, as gevolg van die terugkoopprogram asook verbeterings ten opsigte van openbaarmakings en operasionele uitvoering. Dit het gelei tot waardeskepping van VS$63mjd tot en met 30 September 2025.

Vir die duur van die terugkoopprogram tot en met 30 September 2025 het Prosus 892 713 136 van sy N gewone aandele teruggekoop, teen 'n waarde van VS$30.1mjd. Dit het tot 'n inkrementele toename van 18% in netto batewaarde (NAV) per aandeel gelei, in vergelyking met wat die waarde sou gewees het indien die terugkoopprogram nie onderneem is nie. Naspers befonds sy onbeperkte aandeelterugkoopprogram deur gereelde verkope van sy Prosus-aandele. Teen 30 September 2025 het Naspers 344 868 918 Prosus N gewone aandele verkoop en 60 735 037 Naspers N gewone aandele teruggekoop, teen 'n totale bedrag van VS$11.5mjd.

Ons is daartoe verbind om met dissipline in ons streek-ekosisteme te belê en te verseker dat ons bedrywighede hul sterk prestasie voortsit. Ons glo dat dít, saam met ons aandeelterugkoopprogram, die dryfkrag sal wees om langtermynwaarde te skep en aandeelhoueropbrengste te verhoog.

Ons verwag steeds om ons 2026-vooruitskatting van VS$7,3mjd – VS$7,5mjd vir e-handel-inkomste en VS$1,1mjd – VS$1,2mjd vir E-handel-aEBITDA te behaal, op 'n Prosus-vlak, uitgesluit JET. Die groep werk nou hard daaraan om JET te integreer en maniere te vind om groei te versterk.

1 *Tensy anders vermeld, vergelyk groeikoerse wat in hierdie resultate bespreek word die eerste helfte van die finansiële jaar eindigende 31 Maart 2026 (1H26) met die eerste helfte van die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2025 (1H25). Die persentasies/syfers tussen hakies verteenwoordig groei in plaaslike geldeenheid-terme, met uitsluiting van die impak van verkrygings en vervreemdings, en gee 'n duideliker beeld van die onderliggende bedryfsprestasie van ons ondernemings. Finansiële resultate word op die grondslag van voortgesette bedrywighede weergegee.*
2 *Aangepaste verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (aEBITDA).*
3 *Aangepaste verdienste voor rente en belasting (aEBIT).*

Opstel van die bondige aankondiging van resultate
Die bondige aankondiging is opgestel onder toesig van die groep se finansiële hoof, Nico Marais, GR(SA). Hierdie resultate is op 24 November 2025 bekend gemaak.

ADB-program
Bank of New York Mellon bedryf 'n Global BuyDIRECT[SM]-plan vir Naspers Beperk. Vir bykomende inligting, besoek Bank of New York Mellon se webwerf by **https://www.adrbny.com/resources/individual-investors.html** of skakel "Shareholder Relations" by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345 1612 of skryf aan: Bank of New York Mellon, Shareholder Relations Department – GlobalBuyDIRECT[SM], Church Street Station, PO Box 11258, New York, NY 10286-1258, USA.

Belangrike inligting
Hierdie resultate bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995, met betrekking tot ons finansiële posisie, resultate van werksaamhede en besighede. Hierdie vooruitskouende verklarings is aan 'n aantal risiko's en onsekerhede blootgestel, waarvan baie buite ons beheer is, en berus op ons huidige standpunte en verwagtings ten opsigte van toekomstige gebeure. Sulke verklarings word gewoonlik gekenmerk deur die gebruik van vooruitskouende terminologie soos "glo", "verwag", "kan", "sal", "sou kon", "behoort", "beoog", "reken", "beplan", "aanvaar" of "antisipeer", of verwante negatiewe of ander variasies of vergelykbare terminologie, of deur besprekings van strategie wat risiko's en onsekerhede insluit. Hierdie vooruitskouende verklarings en ander verklarings vervat in hierdie resultate oor sake wat nie historiese feite is nie, sluit voorspellings in. Geen versekering kan gegee word dat sulke toekomstige resultate behaal sal word nie. Werklike gebeure of resultate kan wesenlik verskil as gevolg van risiko's en onsekerhede wat in sulke vooruitskouende verklarings geïmpliseer word.

'n Aantal faktore kan ons toekomstige bedrywighede raak en veroorsaak dat resultate wesenlik verskil van dié wat in die vooruitskouende verklarings te kenne gegee is, insluitend (sonder beperking): (a) veranderings aan IFRS en gepaardgaande vertolkings, toepassings en praktyke soos hulle op vorige, huidige en toekomstige tydperke van toepassing is; (b) voortgesette en toekomstige verkrygings, veranderings in plaaslike en internasionale sake- en marktoestande soos wisselkoers- en rentekoersbewegings; (c) veranderings in plaaslike en internasionale regulatoriese en wetlike omgewings; (d) veranderings in plaaslike en internasionale bedryfs-, maatskaplike, ekonomiese en politieke toestande; (e) arbeidsonrus en nywerheidsoptrede; en (f) die uitwerking van beide huidige en toekomstige litigasie. Die vooruitskouende verklarings vervat in hierdie resultate is slegs van toepassing soos op die datum van hierdie resultate. Ons is geensins onder verpligting nie (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om vooruitskouende verklarings by te werk of te wysig om gebeure of omstandighede ná die datum van hierdie resultate, of die voorkoms van onvoorsiene gebeure, te weerspieël. Ons kan geen gerusstelling verskaf dat vooruitskouende verklarings korrek sal blyk nie en beleggers word gemaan om nie te veel op enige vooruitskouende verklarings staat te maak nie.

Verdere inligting
Hierdie bondige aankondiging is die verantwoordelikheid van die direkteure en is slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag. Die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag is op 24 November 2025 op SENS vrygestel en kan gelees word by **www.naspers.com** en **https://senspdf.jse.co.za/documents/2025/JSE/ISSE/NPN/1H26.pdf**. Afskrifte van die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag kan ook gedurende kantoorure sonder enige koste by die maatskappy se geregistreerde kantoor aangevra word. Enige beleggingsbesluit moet geneem word op grond van die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag wat op SENS en op die maatskappy se webwerf gepubliseer word.

Die inligting in hierdie bondige aankondiging is verkry uit die nagegane inligting wat op SENS gepubliseer word, maar die bondige aankondiging self is nie nagegaan nie. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 30 September 2025 is nagegaan deur Deloitte & Touche, die onafhanklike ouditeur, wie se ongewysigde verslag by die volledige aankondiging ingesluit is.

Namens die direksie

Koos Bekker
Voorsitter

Fabricio Bloisi
Uitvoerende hoof

Kaapstad
22 November 2025

Direkteure en bestuur: JP Bekker (voorsitter), F Bloisi (uitvoerende hoof), S Dubey, HJ du Toit, CL Enenstein, M Girotra, RCC Jafta, AGZ Kemna, P Mahanyele Dabengwa, N Marais, D Meyer, R Oliveira de Lima, SJZ Pacak, MR Sorour, Y Xu
Maatskappy¬sekretaris: L Bagwandeen
Geregistreerde kantoor: Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (Posbus 2271, Kaapstad 8000, Suid-Afrika)
Oordragsekretaris: JSE Investor Services Eiendoms Beperk, One Exchange Square, Gwenlaan 2, Sandown, Sandton 2196 (Posbus 10462, Johannesburg 2000, Suid-Afrika)
Borg: Investec Bank Beperk

www.naspers.com